Dinsdag 2 Junie
Skrifgedeelte: Lukas 22:54-62; Johannes 21:15-19
Fokusgedeelte: Johannes 21:17 (AFR53/83/2020)
Uit genade herstel Christus vir Petrus in sy diens

In die nag toe Jesus verraai is, is Petrus drie keer gevra: *"Ken jy hierdie Man?"* en drie keer het hy geantwoord: *"Nee, ek ken Hom nie."* Toe die haan net daarna kraai, het Petrus besef dat hy, die rots, Jesus verloën het. Diep teleurgesteld in homself, het hy uitgegaan en bitterlik gehuil (Luk. 22:61-62).

En nou, ná sy opstanding, vra Jesus vir Petrus: *"Het jy my lief?"* Drie maal dieselfde vraag. Net soos daardie nag toe hy Jesus verloën het. Die selfverwyt daaroor het nog vlak in Petrus gelê, sodat hy, toe Jesus die vraag die derde maal vra, diep bedroef geraak het. Twyfel die Here aan sy liefde? Het die Here hom dalk verwerp? Daarom roep hy uit: *"Here, U weet alles; U weet dat ek U liefhet."*

Wat Petrus egter moes besef, was dat Jesus dié vrae nie verwytend gevra het nie, maar uit genade. Hy het Petrus nie verwerp nie, maar uit genade was Hy juis besig om hom in sy diens te herstel. Daarom moet Petrus hoor, weer drie keer: *"Laat my lammers wei. Pas my skape op. Laat my skape wei."* Dit is die opdrag waarmee Hy Petrus saam met die ander apostels uitgestuur het om die evangelie in die wêreld te verkondig en so die kerk te versamel.

Die Here maak ons saam met al sy uitverkorenes deel van sy kerk, juis sodat ons in sy diens kan staan. Soms gebeur dit dat ons met ons optrede die Here verloën, so asof ons Hom nie ken nie. Agterna besef ons met skaamte en berou wat ons gedoen het. Dan mag ons nie aan die Here se liefde en genade te twyfel nie, maar na Hom toe gaan en bid dat Hy ons sal vergewe. Want Hy verwyt nie. Hy verwerp nie. Hy verwelkom dié wat aan Hom behoort altyd terug, in sy liefdevolle genade.

*Sing: Psalm 116-1:1, 9, 10*

*Prof. GJC (Jorrie) Jordaan (Emeritus)*